Ps. 68: 1, 2.
Ps. 89: 6, 7.
Ges. 75: 1.

Stryders vir Christus

Efese 6: 10–20.

Potch 18 Jan. 1959.

Efese 6: 11 – Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.

As Paulus in 1959 geskryf het en hy hd. waarhede wou moes oordra aan 'n groep gelowiges in hd. eeu, sou hy seker van vuurpyle & ruimtemasjiene as illustrasie gebruik gemaak het. Maar nou dat hy dit nie gedoen het nie, moet ons baie versigtig wees dat ons nie reken: ag, hierdie beskrywing is verouderd // Die wapenrusting is antyds ja, maar die waarhede wat dit verduidelik is ewig- en dus ook modern.

Nadat hd. Kruisgesant in die vorige dele v.d. brief die rykdom v.d. Xte se lewe in Xtus verduidelik het, en daarna die wandel v.d. Xten beklemtoon het (hoe dit moet wees), sluit hy die brief nou af met die beskrywing van die stryd v.d. Xten as soldaat van X. Jesus. Hy ~~...~~ spreek hulle aan as „my broeders' – hy roep dus nie net mede-apostels, mede-evangeliste tot die stryd nie, mr. alle gelowiges as medestryders. M.d. oog op wat sal volg is dit van baie groot belang dat ons dit sal onthou.

Ons wil ons teksvers dan vanmôre in 4 dele verdeel:
Die Behoefte-Toerusting; die Groep-Bewapening; die Taktiek – Ondergrawing; die Doelwit – Oorwinning

I Die Behoefte – Toerusting: „Die volle wapenrusting van God" – 2 maal word die uitdrukking gebruik.
En omdat Paulus 'n geoefende soldaat in hd. diens was, baie ~~...~~ botsings & veldslae al beleef het, is hy as gesaghebbende seker instaat om te sê presies wat dd. toerusting is wat nodig is vir d. stryd. As ons net dink hoeveel tyd en geld & navorsinge vandag tot in fynste besonderhede

daar veel aan die toerusting van d. soldate bestee word dan is dit nie vreemd om te sien dat hd. Krygsman hier dit ook doen nie!

a) Die hele liggaam: Die gordel en borswapen vir die romp v.d. soldaat se liggaam, die skoene vir die voete, die skild vir die hande, die helmet vir die hoof en die swaard v.d. woord as beskutting vir die mond — elke stuk op sy plek, reg beplan, reg bedek.

b) Die volle toerusting:

(i) Die gordel van waarheid: doel van gordel nie eerstens as versiering (hoewel soms mooi uitgewerk), nr. om al d. ander wapenrusting in plek te hou en soldaat volle vryheid van beweging te gee. So moet d. Xten hd. gordel v.d. waarheid hê wat sy hele lewe omvat — geen gapings toelaat. In teenstelling met Satan, die groot leuenaar & bedrieër moet daar in ons lewens geen sweem van valsheid, bedrog, oneerlikheid, huigelary wees nie: die waarheid innig liefhê!

(ii) Die borsplaat van geregtigheid: Vir die bedekking van al d. wondbare dele — die lewensorgane: hart, longe, niere, ingewande. Geregtigheid = wanneer ons lewe volgens Gods woord en wil kan dan voor Satan staan met goeie gewete & sy versoekings met goeie gevolg weerstaan.

(iii) Die skoene as bereidheid vir d. evangelie van vrede: Geen soldaat sal waag om die gevegsterrein te betree met pantoffels of strandsandaaltjies nie — dwaas! Sy skoene se sole dik, oorleer sterk, bo solied —

God ons gewaarsku dat vir ons mag versoekinge, teëspoede in d. uitdra v.d. evangelie van vrede —; moet ons paraat wees,

(iv) Skild v.d. geloof: Bedek alle dele: hande, arms, liggaam vir vyand se pyle van ver geskiet of swaard v. naby hanteer.

(v) Helm v.d. verlossing: Die regte kennis en insig in d. weg van saligheid, in die waarhede van Gods woord oor uitverkiesing, wedergeboorte, bekering, heiligmaking, volmaking. Daarom d. helm as simbool

(vi) Die swaard v.d. gees: Die woord van God as 2-snydende swaard (Hebr. 4:12) wat deur die Xten hanteer moet word in sy stryd teen Satan!

c) Van God:

II Die Oproep — Bewapening: „Trek aan" — maak jou gereed, wees bereid om toe te tree tot d. stryd! Die wapenrusting v.d. Xten is nie ornamente nie, nie museumstukke nie: onmisbare toerusting wat God bied. Daarom „trek aan": = eien dit vir jou toe, neem jou posisie in Xtus Jesus in wat Hy vir jou verwerf het deur sy lewe en sterwe, jou regmatige erfenis wat deur sy versoening d. rykdom v. elke gelowige geword het — mag net om opge-eis te word!

(i) Waarheid:

(ii) Geregtigheid:

(iii) Diensbereidheid uit d. evangelie:

– evangelisasie – sending – pers. gesels-werk – of: hoe – liddorings druk my? – godsd. onderrig

(iv) Geloof: – Offergawes (~~⅓ ...~~) as geloofsdaad: ⅓ van gemeente wat dit as gerieflike ryeblaar gebruik. U wat dit koop:

– Ouderlinge & kerkhostel: glo u dis nog moontlik?

– Diakonie & diens barmhd.: glo u dit gaan mense na Jesus bring?

(v) Verlossing:

(vi) Woord v God:

– Trek aan: u gereed uit d. jaar? Of sit u by d. banakke & kaartspeel? Kraag & gesels? Sê u: hie d. swaard nodig of d. skene – sal met d. ander neem! Het u d. volle uitrusting?

III Taktiek – Ondergrawing: liste v.d. duiwel

① Bang praat:

② Aan slaap nu

③ Genaeg ander wat werk

④ Sal tog nooit slaag:

⑤ Onderhandel met d. vyand – neem sy metodes oor

IV Deelnit – Oorwinning: „Staande kan bly – nadat julle alles voltooi het"

– Stryd geweldig: ~~T~~ye wan dit skyn of alles gaan misluk & Satan wen amen d. (gesant — een slagveld na d. ander elke gebeurtenis) Kerkraad – gemeente –

– In d geloofsmete: Xtus het oorwin – Xt. sal oorwin – glo u dit!

„Staande bly": geen omdraai & weghardloop: geen bedekking & agter: